SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

Michelle Pieters
michellep@sun.ac.za
+27 (0)21 808 2812 | +27 (0)72 207 0366

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

# Professionele kommunikasie

ʼn Sertifikaat van bywoning-kortkursus

**Al gehoor van die viersydige kommunikasiemodel? Sluit by prof Carel Jansen aan en leer die vaardighede om hierdie tegniek suksesvol aan te wend wanneer jy kommunikeer.**

### Waarop fokus hierdie kortkursus?

Hierdie kortkursus bied ʼn inleiding tot die spesifieke kommunikasiekennis en -vaardighede wat ʼn mens nodig het om kommunikasieverwante take suksesvol en professioneel af te handel.

Na afloop van die kortkursus, sal jy:

- boodskappe kan ontleed deur ʼn metode bekend as die viersydige kommunikasiemodel in te span
- die betoog in kommunikasieboodskappe kan herken en krities kan beoordeel
- jou mondelinge aanbiedings selfs boeiender kan maak
- vir effektiewer professionele gesprekke kan voorberei en hulle optimaal struktureer

### Wie kan die kursus bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jy duidelike en praktiese riglyne soek om besigheidskommunikasie met selfvertoue aan te pak, dan is hierdie kortkursus vir jou!

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur ʼn aanlyn komponent aangevul.

### Is daar enige voorvereistes?

Jy sal ʼn rekenaar en betroubare internetblaaier benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal ʼn betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld.

Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

### Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Ons bied hierdie kortkursus gedurende **twee oggendsessies tussen 09:00 en 12:00** aan. Dit vind plaas in die Taalsentrum se Seminaarkamer by Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch. Kontak die kursuskoördineerder vir meer inligting.

**Indien kontakkursusse nie moontlik is nie**, word hierdie kursus aanlyn aangebied. Ons hibriede kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

| | **Kontakdae** (09:00 tot 12:00) | **Duur van die kursus** (openings- en sluitingsdatums) | **Skryf in voor** |
|---|---|---|---|
| Kursus 1: | 8 en 15 Oktober | 17 September tot 22 Oktober | 17 September |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee oggendsessies van 3 ure elk
- ongeveer ses uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

**Wie is die aanbieder?**



Prof Carel Jansen is 'n emeritusprofessor in Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die Universiteit van Groningen se Fakulteit Lettere in Nederland. Hy is ook 'n US Taalsentrum-navorsingsgenoot. Lees meer oor hom hier.

**Wat kos dit?**

Die kortkursusfooi is R3 850 per deelnemer, wat kursusmateriaal, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

**Enige verdere vrae?**

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.